higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4

(6030134)

13 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

DIE VRAESTEL, WAT DIE INSTRUKSIES INSLUIT, MOET 30 MINUTE VOOR DIE AANVANG VAN DIE EKSAMEN AAN KANDIDATE GEGEE WORD.

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

DIE KANDIDATE HET 30 MINUTE OM DIE INSTRUKSIES EN INLIGTING DEUR TE LEES. TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Woordverwerking (100 punte)
   AFDELING B: Sigblaaie (100 punte)

   AFDELING A word met 'n woordverwerkingsprogram op 'n rekenaar gedoen. Sowat 1 uur en 30 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

   AFDELING B word met 'n sigbladprogram op 'n rekenaar gedoen. Sowat 1 uur en 30 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. In geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar of drukker wat onklaar raak, moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat om voort te gaan en die werklike verlore tyd moet vir die betrokke kandidaat bygevoeg word.

5. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers is, byvoorbeeld 'n ê word nie gedruk nie, moet 'n verslag saam met die sentrum se DRUKSTUKKE gestuur word.

6. Kandidate mag 'n lys ASCII-kodes in hul besit hê. Die elektroniese speltoetser mag gebruik word.

7. Elke antwoord moet slegs aan die EEN kant van die papier op 'n afsonderlike bladsy gedruk word. Plaas die DRUKSTUKKE in die EKSAMENOMSLAG.

8. Aan die einde van die eksamensessie moet alle DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel in die EKSAMENOMSLAG geplaas word. Alle ander DRUKSTUKKE moet saam met die EKSAMENOMSLAG aan die toesighouer oorhandig word. Geen DRUKSTUKKE mag hoegenaamd uit die eksamenlokaal verwyder of in die snippermandjie gegooi word nie. DRUKSTUKKE wat nie vir nasien ingegee word nie moet aan die einde van die sessie ingesamel en aan die einde van die dag vernietig word.

Kopiereg voorbehou

9. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling mag ingegee word.

10. Alle werk op die rekenaar moet met gereelde tussenposes gestoor word om te verhoed dat enige werk in geval van 'n kragonderbreking verlore gaan. Geen bykomende tyd mag toegelaat word om verlore werk in te haal nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoorde teen uitwissing te beskerm.

11. In AFDELING A mag slegs Courier New 12 pt gebruik word. In AFDELING B mag Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word. In AFDELING A en B moet die kantruimtes 1"/2,54 cm wees tensy anders aangedui word.

12. Die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER moet by elke vraag ingesleutel word.

13. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde antwoorde te kan druk, word kandidate daaraan herinner om die werk ná elke aparte afdeling te stoor voordat dit gedruk word.

14. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde asook 'n geheuestokkie/disket met die antwoorde (duidelik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER op die omslag gemerk) ingee. Indien 'n netwerk gebruik word, moet IT-ondersteuning, onder toesig van die toesighouers, 'n rugsteunkopie van al die kandidate se werk maak. Hierdie diskette en/of rugsteunskywe moet vir SES MAANDE se veilige bewaring by die eksamenafdeling ingegee word.

15. Geen vraestelle mag uit die eksamenlokaal verwyder word voordat EEN uur sedert die begin van die eksamensessie verstryk het nie. Alle vraestelle moet dus ingegee word en kan na die sessies aan die kandidate terugbesorg word.

16. Indien enige vraestel in meer as een sessie by die sentrum geskryf word, moet toesighouers verseker dat alle antwoorde van kandidate van die hardeskywe of netwerke verwyder is voordat kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

17. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket aan 'n ander kandidaat verskaf of oor die netwerk tot ander kandidate se werk toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot enige inligting van 'n ander kandidaat te bekom of om inligting aan 'n ander kandidaat oor te dra, ongeag die manier waarop dit gedoen word, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig vir die betrokke kandidate beskou word.

MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TOESIGHOUER OPDRAG GEE OM DIT TE DOEN NIE.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1

1. Herwin die dokument wat as V1A op jou datadisket/hardeskyf gestoor is.

2. Redigeer die kopskrif (*header*) deur die vraagnommer na V1B te verander en jou EKSAMENNOMMER linksbelyn in die kopskrif in te voeg.

3. Verander die linker- en regterkantruimtes van die aangeduide paragraaf na 5 cm/2".

4. Redigeer die dokument volgens die proefleestekens soos aangedui in die teks.

5. Stoor die dokument as V1B.

6. Druk die dokument wat as V1B gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Λ Die juweel van die tuinroete **bk, vetdruk, sentreer**

‡ **skrap vetdruk**

Die **Tsitsikama Nasionale Park** is 'n bewaarde gebied op die Tuinroete, Wes-Kaap en Oos-Kaap, Suid-Afrika. Dit is 'n kusreservaat wat baie bekend is vir sy inheemse woude, dramatiese kuslyn, en die Otterwandelpad. Op 6 Maart 2009 is dit met die Wilderness Nasionale Park en verskeie ander gebiede geamalgameer om die Tuinroete Nasionale Park te vorm. Die park dek 'n strook kuslyn van 80 kilometer. Nature's Valley is aan die westelike kant van die park, en die hoofakkommodasie is by Stormsriviermond. Naby die park is die Bloukransbrug, die wêreld se hoogste brugbungeesprong teen 216 meter. **NP**

‡

LET WEL:
* **Verander die linker- en regterkantruimte van SLEGS hierdie paragraaf na 5 cm/2".**
* **Verander reëlafstande na 1,5.**

bladsybreuk

Λ KAMPE **bk, kursief**

‡

Λ 1. Stormsrivierruskamp **vetdruk, onderstreep**

stet **trs**

Verskeie geriewe, insluitend 'n ~~koffiewinkel~~ ~~restaurant~~, chalets, winkel, kampterrein en woonwapark, inligtingsentrum, avontuurbesprekingskantoor, die Augulhas-uitkykplatform, bome wat met hul nasionaleboomlysnommers gemerk is en onderwater roetes.

‡

Λ 2. Nature's Valley-ruskamp **vetdruk, onderstreep**

‡

Hierdie kamp is geleë in De Vasselot aan die oewer van die Groot Rivier, ongeveer 30 km vanaf Plettenbergbaai en ongeveer 40 km vanaf Stormsrivierruskamp. Dit is 'n ideale streek vir voëlkykers en beskik oor 'n verskeidenheid staproetes vir stappers. **voluit**

‡

*** Kopieer die hoofopskrif van die dokument hier**

[31]

VRAAG 2

VRAAG 2A

1. Sleutel die dokument in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V2A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Stoor die dokument as V2A.

4. Druk die dokument wat as V2A gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Die Otterwandelpad begin by die Stormsrivierkamp en daar is verskeie kort staproetes vir dagbesoekers. As deel van die Tuinroete kronkel die roetes deur kus- en woudgebiede, verby verskeie watervalle, strome en riviere.

ǂ

Die Hangbrug en Uitkykstaproete is 'n maklike staptog langs die westelike kant van die riviermond verby die Strandlopergrot na die hangbrug oor die riviermond.

ǂ

Die Watervalroete is 'n kort maar veeleisende staptog wat die Otterwandelpad vir die eerste 2.65 kilometer volg; stappers mag nie by die waterval verbystap tensy hulle die Otterwandelpad stap nie.

ǂ

Die Loerieroete loop langs die waterval verby en bied uitsigte pragtige oor die marinereservaat. Gedurende die walvistydperk, en indien die see kalm is, kan walvisse dikwels van die bokant van die kranse af gesien word.

(9)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2B

1. Herwin die dokument wat as V2A op jou datadisket/hardeskyf gestoor is.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V2B.

3. Redigeer die dokument volgens die proefleestekens in die teks.

4. Verander die linker- en regterkantruimtes van die hele dokument na 3,81 cm/1,5".

5. Stoor die dokument as V2B.

6. Druk die dokument wat as V2B gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Tsitsikama nasionale park — **bk, vetdruk**

‡

Staproetes — **gesp hfls, onderstreep, sentreer**

‡

Die Otterwandelpad begin by die Stormsrivierkamp en daar is verskeie kort staproetes vir dagbesoekers. As deel van die Tuinroete kronkel die roetes deur kus- en woudgebiede, verby verskeie watervalle, strome en riviere. — **d/r, justeer**

‡

Die volgende kort roetes is beskikbaar: — **onderstreep, sentreer**

‡

Die Hangbrug en Uitkykstaproete is 'n maklike staptog langs die westelike kant van die riviermond verby die Strandlopergrot na die hangbrug oor die riviermond. — **kursief**

Die Watervalroete is 'n kort maar veeleisende staptog wat die Otterwandelpad vir die eerste 2.65 kilometer volg; stappers mag nie by die waterval verbystap tensy hulle die Otterwandelpad stap nie. — **kursief**

‡

Die Blouduikerroete begin net wes van die inligtingsentrum en loop deur kreupelbospunt na die Agulhasuitkyk waarvandaan walvisse en dolfyne dikwels in die winter gesien kan word. — **kursief**

‡

Die Loerieroete loop langs die waterval verby en bied uitsigte pragtige oor die marinereservaat. Gedurende die walvistydperk, en indien die see kalm is, kan walvisse dikwels van die bokant van die kranse af gesien word. — **kursief** — **trs**

LET WEL:
*** Voeg kolpunte vir die vier roetes in**
*** Laat twee letterspasies na kolpunte**
*** Keep paragrawe in**

(30)
[39]

VRAAG 3

1. Sleutel die dokument in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V3 in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Stoor die dokument as V3.

4. Druk die dokument wat as V3 gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

5. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Wil jy die avontuur van 'n leeftyd beleef? **bk, kursief, onderstreep**

‡

Neem 'n bungeesprong van die Bloukransbrug af **bk, vetdruk, sentreer**

‡

Indien jy dit nog nie voorheen probeer het nie, loop jy iets mis! **kursief, regsbelyn**

‡

Dit kan een van die beste, mees bevredigende oomblikke van jou lewe wees. Jy ervaar 'n opwelling van trots, adrenalien, prestasie en energie wat jy op geen ander manier sal beleef nie. Agterna gaan jy na Facebook, twiet en stuur boodskappe aan al jou vriende en vertel hulle hoe oulik jy is!

‡

Jy kry ook foto's, 'n video en sertifikaat vir toekomstige spogkanse. **kursief**

‡

Bloukransbrug is die hoogste brugbungee in die wêreld. Nie in SA nie, nie in Afrika nie – die wêreld! **vetdruk** **sentreer**

‡

Let op die volgende belangrike inligting: **bk, onderstreep**

‡

Koste:	R950 per persoon*
Gewigsvereistes:	Tussen 35 en 150 kg
Minimum ouderdom:	14 jaar
Duur:	1 uur **voluit**
Verversings:	Beskikbaar by die kroeg & kafee

1,5 reëls

‡

(*Jy kry nie jou geld terug as jy kleinkoppie trek nie.)

‡

VRAAG 3 (VERVOLG)

Geheuestokkie met foto's en video:

ǂ

Foto's:	R200
Video:	R300
Foto's en video:	R400

ǂ

Kontak ons by: www.bloukransbridgebungee.co.za

ǂǂ

Dit is tyd om die sprong te waag: 5, 4, 3, 2, 1, BUNGEE!

vetdruk, kursief, sentreer

[30]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B: SIGBLAD

VRAAG 4

VRAAG 4A

1. Sleutel die sigblad in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V4A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Waar nodig, pas die kolomwydtes aan om te verseker dat die sigblad op EEN A4-portretbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

4. Stoor die sigblad as V4A.

5. Druk die sigblad wat as V4A gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOM-SLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Besonderhede	Koste	Hoev.	15% BTW
Bungeesprong	950	2	
Herinneringe:			
Foto's	200		
Video	300		
Foto's & Video	400	2	
Verversings:			
Ligte middagete	55	2	
Koeldrank	15	4	
Energiestafie	25	2	

(8)

VRAAG 4B

1. Herwin die sigblad wat as V4A op jou datadisket/hardeskyf gestoor is.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V4B.

3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.

4. Verskaf formules vir elk van die volgende:

   A Koste* Hoeveelheid
   B Subtotaal * 15%
   C Som van Subtotaal en BTW
   D Som van TOTAAL

5. Voeg horisontale lyne soos aangedui in deur die metode te gebruik wat aan jou bekend is.

6. Waar nodig, pas die kolomwydtes aan om te verseker dat die hele sigblad op EEN A4-landskapbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

7. Stoor die sigblad as V4B.

8. Druk die sigblad wat as V4B gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4 (VERVOLG)



(27)
[35]

VRAAG 5

VRAAG 5A

1. Sleutel die sigblad in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V5A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Waar nodig, pas die kolomwydtes aan om te verseker dat die sigblad op EEN A4-portretbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

4. Stoor die sigblad as V5A.

5. Druk die sigblad wat as V5A gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Naam	Normale ure gewerk	Tarief per uur	Normale lone	Oortyd-ure gewerk
J Molola	50	140		15
B Botha	60	140		10
P Vilakazi	60	140		5
V van Wyk	45	160		10
L Makwatsi	55	160		5
M Phiri	40	140		20

(8)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B

1. Herwin die sigblad wat as V5A op jou datadisket/hardeskyf gestoor is.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V5B.

3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.

4. Verskaf formules vir die volgende:

   A Normale ure gewerk * Tarief per uur
   B Tarief per uur * 1.5
   C Oortydure gewerk * Oortydtarief per uur
   D Som van Normale lone en Oortydlone

5. Voeg horisontale lyne soos aangedui in deur die metode te gebruik wat aan jou bekend is.

6. Waar nodig, pas die kolomwydtes aan om te verseker dat die hele sigblad op EEN A4-landskapbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

7. Stoor die sigblad as V5B.

8. Druk die sigblad wat as V5B gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5 (VERVOLG)

Aksie Avontuur Bungeesprong

Voeg oop ry in

Lone vir Meimaand

Voeg oop ry in

bk, vetdruk

voeg kolomme in

Naam	Normale ure gewerk	Tarief per uur	Normale lone	Oortyd-ure gewerk	Oortyd-tarief per uur	Oortyd-lone	Totale lone
J Molola	50	140	***A***	15	***B***	***C***	***D***
B Botha	60	140	↓	10	↓	↓	↓
~~P Vilakazi~~	~~60~~	~~140~~		~~5~~			
V van Wyk	45	160		10			
L Makwatsi	55	160		5			
M Phiri	40	140	↓	20	↓	↓	↓

bk, sentreer

9

(22)
[30]

VRAAG 6

VRAAG 6A

1. Sleutel die sigblad in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V6A in hoofletters regsbelyn as 'n kopskrif in.

3. Verskaf formules vir elk van die volgende:

   A Tarief per volwassene per dag * Aantal volwassenes
   B Tarief per kind per dag * Aantal kinders
   C Som van die Bedrae vir volwassenes
   D Som van die Bedrae vir kinders
   E Som van die Totaal vir volwassenes en Totaal vir kinders

4. Voeg horisontale lyne soos aangedui in deur die metode te gebruik wat aan jou bekend is.

5. Waar nodig, pas die kolomwydtes aan om te verseker dat die sigblad op EEN A4-landskapbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

6. Stoor die sigblad as V6A.

7. Druk die sigblad wat as V6A gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6A (VERVOLG)

kol. B Tsitsikamma nasionale park — *bk, vetdruk*

Voeg oop ry in

kol. C Tariewe — *bk, kursief*

Voeg oop ry in

Tsitsikammagedeelte	Per volwassene per dag	Aantal volwassenes	Bedrag	Per kind per dag	Aantal kinders	Bedrag
SA-burgers (met ID)	54	2	*A*	27	3	*B*
SAOG-burgers	108		↓	54		↓
Bewaringsfooi	216	2	↓	108	3	↓

kursief

Voeg oop ry in

** kopieer* ~~Tsitsikammagedeelte~~ *vervang* Nature's Valley-gedeelte

Nature's Valley-gedeelte	Per volwassene per dag	Aantal volwassenes	Bedrag	Per kind per dag	Aantal kinders	Bedrag
SA-burgers (met ID)	48 ~~54~~	2	*A*	24 ~~27~~	3	*B*
SAOG-burgers	48 ~~108~~		↓	24 ~~54~~		↓
Bewaringsfooi	96 ~~216~~	2	↓	48 ~~108~~	3	↓

kursief

Voeg oop ry in

Totaal vir volwassenes	*C*	
Totaal vir kinders		*D*
Totale bedrag betaalbaar		*E*

bk

(28)

VRAAG 6B

1. Herwin die dokument wat as V6A gestoor is.

2. Verander die vraagnommer in die kopskrif na V6B.

3. Vertoon die formules.

4. Waar nodig, pas die kolomwydtes aan om te verseker dat die hele sigblad op EEN A4-landskapbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

5. Stoor die sigblad as V6B.

6. Druk die sigblad wat as V6B gestoor is en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingegee word. Slegs die boonste (eerste) DRUKSTUK sal nagesien word.

(7)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou